



# Die intrinsieke verband tussen opvoeding en spiritualiteit

J.L. van der Walt, C.C. Wolhuter & F.J. Potgieter

Fakulteit Opvoedingswetenskappe

Potchefstroomkampus

Noordwes-Universiteit

POTCHEFSTROOM

E-pos: jlvdwalt@aerosat.co.za

Charl.Wolhuter@nwu.ac.za

Ferdinand.Potgieter@nwu.ac.za

## Abstract

### The intrinsic relationship between education and spirituality

*After having researched the phenomenon of (especially young) people turning their backs on mainstream religions and finding refuge in “new” forms of spirituality, the authors concluded that, as always, the education of children cannot be done justice to unless attention is also devoted to the development of their spirituality. To defend this contention, they firstly analyse religion as a phenomenon. They find it to be multi-layered, with spirituality forming the innermost layer. They then discuss the emergence of “new” forms of spirituality and find them to be alien to the Biblical concept of spirituality. After discussing the intrinsic link between education and both the “new” and the Biblical forms of spirituality, the authors find their initial conclusion to have been vindicated.*

## Opsomming

### Die intrinsieke verband tussen opvoeding en spiritualiteit

*Nadat hulle die verskynsel nagegaan het van (veral jong-) mense wat neig om hulle rug op die hoofstroomgodsdienste te draai en hulle toevlug tot “nuwe” vorms van spiritualiteit te neem, het die skrywers tot die slotsom gekom dat, soos nog altyd die geval was, daar nie reg kan geskied met die opvoeding van kinders nie tensy hulle spiritualiteit ook ontwikkel word nie. Om hierdie konklusie te verdedig, ontleed hulle religie as ’n verskynsel. Hulle bevind dat dit uit verskillende lae bestaan, met die spirituele as die diepste binnelaag. Hulle bespreek*

daarna die verskyning van die “nuwe” vorm van spiritualiteit en vind dat dit nie met die Bybelse konsep van spiritualiteit strook nie. Nadat hulle die intrinsieke verband tussen opvoeding en sowel die “nuwe” as die Bybelse vorms van spiritualiteit bespreek het, kom hulle tot die gevolgtrekking dat hulle aanvanklike konklusie bevestig kan word.

## 1. Oriëntering

Aan die een kant is daar aanduidings dat belangstelling in die sogenaamde hoofstroomgodsdienste, insluitend die geïnstitusioneerde vorme daarvan, aan die taan is. Hierdie tendens gaan, aan die ander kant, gepaard met ’n toenemende belangstelling in ’n element wat alle godsdienste na veronderstelling met mekaar deel, naamlik *spiritualiteit*. Nadat hierdie verskynsel (die tanende belangstelling in hoofstroomgodsdienste en die gepaardgaande groei in belangstelling in ’n “nuwe”, vermeende gemeenskaplike spiritualiteit) oor die afgelope dekade waargeneem en bestudeer is, is tot die konklusie gekom dat die opvoeding van die hedendaagse kinders en jongmense, soos nog altyd, nie na behore kan plaasvind sonder dat die spirituele aspek van hulle menswees ook die nodige aandag kry nie. Daar word gekonkludeer dat die “spirituele” in die Bybelse sin iets heeltemal anders is as die “nuwe” spiritualiteit wat tans aan die ontwikkel is.

## 2. Ondersoekmetode

Die oogmerk is om hierdie konklusie of tese te verdedig, op die volgende drie maniere (’n vorm van triangulering, dus): Die eerste stap is om aan die hand van ’n struktuuranalise van religie te toon waar die verskynsel van spiritualiteit presies inpas. ’n Nadere omskrywing van *spiritualiteit* as kernbegrip in die argumentasielyn vorm deel van hierdie eerste stap. Die tweede stap is om, aan die hand van ’n bondige oorsig oor die geskiedenis van die verhouding tussen opvoeding en spiritualiteit te toon hoedat spiritualiteit in onlangse tye in ’n “nuwe” of “ander” gedaante op die toneel verskyn het. ’n Nadere omskrywing van hierdie “nuwe” spiritualiteit vorm deel van hierdie tweede stap. Die derde stap is om te toon dat daar, soos nog altyd, ’n onmiskenbare band tussen opvoeding en spiritualiteit bestaan. As deel van hierdie derde stap word enersyds aandag gegee aan hoe die band tussen die “nuwe” spiritualiteit en opvoeding tot uitdrukking kan kom. Daar word egter direk ’n korreksie daarop gebied deur te wys hoe dit in ’n Christelike, Skrifgehoorsame opvoedingsomgewing waar ’n Bybelse siening van spiritualiteit gehandhaaf word, behoort te gebeur. Die bespreking word afgesluit met ’n beoordeling van die

aanvaarbaarheid van die aanvanklike konklusie hierbo gestel (die tesse) en 'n aanbeveling daarop.

Omdat geen ondersoeker 'n bepaalde probleem (in hierdie geval, die band tussen opvoeding en spiritualiteit) lewensbeskoulik-neutraal of -onbetrokke kan benader of ondersoek nie (Vroom, 2006), word aansluiting gevind by die transendentiaal-pragmatiese benadering soos deur Alexander (2006) uitgespel. As denkers oor die rol en plek van spiritualiteit in die opvoeding vereenselwig die outeurs hulle met Alexander (2006: 206) se gedagte dat ondersoekers almal met die een of ander "view from somewhere" werk, en dat hulle van daaruit 'n siening ontwikkel oor wat die beste in die bepaalde omstandighede is, vir sover hulle vir die huidige kan sien. In die lig hiervan verantwoord ons ons eie "view from somewhere" soos volg: Hoewel ons gebruik maak van metodes soos konseptuele analise en fenomenologie met die oog op die verstaan van die ontiese aard van byvoorbeeld religie, spiritualiteit en opvoeding, wend ons hierdie bevindings aan om enersyds so algemeen as moontlik toegepas te kan word, maar om tegelyk ook getrou te bly aan ons eie oortuigingsraamwerk as Bybelgelowige Christendenkers. Ons metode neem dus as 't ware 'n tregtervorm aan: ons begin so wyd as moontlik met 'n konseptuele en fenomenologiese analise van die objekte van ons ondersoek, maar toets ons bevindings algaande aan Skriftuurlike riglyne en norme.

### **3. Struktuuranalise van religie en die plek van spiritualiteit**

Ons sluit ons aan by die fenomeenanalise van religie deur Abdool *et al.* (2007:545 e.v.). Hulle kom tot die gevolgtrekking dat religie die volgende laagstruktuur het:

- 'n Direk waarneembare buitenste laag van kultiese, rituele, aanbiddings- of godsdienstige aard.
- 'n Volgende laag gekenmerk deur "vrees" en eerbied vir die godheid wat gedien en aanbid word.
- Daarna volg 'n konfessionele laag, wat ook teologies en dogmaties van aard mag wees.
- Dan volg 'n filantropiese of omgeelaag.
- Dit word gevolg deur 'n "pistiese" of geloofslaag.

- Die diepste laag van religie, bevind Abdool *et al.* (2007:547), is die spirituele laag.

#### **4. Die spirituele dimensie van menswees**

Die woord *spiritualiteit* verwys na die “spirituele” wat letterlik kan beteken “behorende tot die nie-materiële” (McKim, 1996:267, 269). Dit kan egter ook op ’n waardering en ’n aangryping van ’n heilige (*sacred*) dimensie in die lewe en in die wêreld dui (Engebretson, 2003:5). Dit is die mens se wyse van in die wêreld wees, in verhouding met die misterie by die kern van die heelal (Engebretson, 2003:9). In hierdie opsig sluit dit daardie houdings, oortuigings en gebruike in wat die mens help om uit te reik na en om sinvolle verhoudings met bowe-sintuiglik-waarneembare realiteite te stig (Richardson & Bowden, 1983:549).

Abdool *et al.* (2007:547) se ontleding toon dat alle mense sekere oervrae het en dat elkeen hierdie vrae op ’n eie besondere manier beantwoord, en wel in elkeen van die lae wat hierbo vermeld is. Die spirituele is ’n subjektiewe ervaring wat heenwys na sowel ’n intrinsieke as ’n ekstrinsieke godsdienstigheid. In terme van eersgenoemde is spiritualiteit ’n diep persoonlike en individuele ervaring, en sluit vrae in soos: Hoedanig is my verhouding teenoor die goddelike, die bese, die goeie, geluk en ongeluk, myself, natuur, kultuur, lewe en dood, emosies oor vreugde en verlies, skuld en skaamte? Mense beantwoord hierdie vrae uit die diepste dieptes van hulle menswees, hulle diepste innerlike wat totaal onaantasbaar en onbereikbaar deur ander mense is. Spiritualiteit simboliseer dus die mens se soeke na diepte en na waardes. Dit is ’n aanduiding van die mens se verhouding met God (of ander gode) en met andersheid, hulle eie wese en hulle eie kernwaardes. Die ekstrinsieke verwys na hoe die mens al hierdie dinge tot uitdrukking bring in religieuse praktyke. Daarom, sê Abdool *et al.* (2007:547), “the spiritual dimension represents the mystical face of religion, the fountainhead of divinity, and the source and essence of the soul”.

Abdool *et al.* (2007) se beskrywing (veral as die verwysings in die voetnotas in hulle uiteensetting in ag geneem word) is na ons oordeel eintlik voldoende vir ’n verstaan van die anatomie van religie, en van spiritualiteit as die dieptelaag daarvan. (Ons het wel kennis geneem van die uitvoerige studies van Hudson (1995), Waaijman (2000), Wilber (2001), Hollick (2006) asook van ’n groot aantal tydskrifartikels oor die onderwerp.) Die volgende twee onlangse definisies bied onses insiens die beste aanknopingspunt vir die volgende

deel van ons argumentasielyn. Hardjono en Klamer (2005:21) definieer spiritualiteit soos volg:

Spiritualiteit is de weg waarlangs een transcendente, ultieme werkelijkheid op mense inwerk, en hen omvormt zodat zij hun leven steeds meer in dienst stellen van deze ultieme werkelijkheid. ... Hoewel spiritualiteit een breed spectrum aan menselijkheid op kan roepen, is spiritualiteit ten diepste een passie, een gedrevenheid, een in beslag genomen zijn.

De Muynck (2008:7) definieer dit as “the manner in which one – by orienting (sic) oneself on sources – relates beliefs and experiences of inspiration and/or transcendence, more or less methodically, to the actual practice of life”.

Vir die teïstiese mens behels spiritualiteit ’n verhouding met ’n heilige God (Ferguson & Wright, 1988:657). So ’n mens word opgeroep om hom te keer en te bekeer na (’n) God (Kritzinger, 2000:163). Dit is ’n voortdurende gebeure en het te make met die uitoefening van lewenskeuses. Vanuit ’n Christelike perspektief is ’n spirituele persoon iemand waarin die Gees van God woon, volgens 1 Korintiërs 2:14-15 (Byrne & Houlden, 1995:515). In terme van ’n Christelike lewensbeskouing sou ’n mens dus kon sê dat spiritualiteit die “wyse” is waarop God op die mens (se hart, sy persoonskern, sy wese) beslag lê en tegelyk ook die “wyse” waarop die mens op hierdie beslaglegging respondeer, byvoorbeeld wanneer die mens opgevoed word.

Roothaan (2007:43) huldig die mening dat spiritualiteit twee kante het. Dit is enersyds ’n ervaring (soos hierbo aangetoon), maar andersyds ook ’n manier van doen. Die term *spiritueel*, sê sy, sê iets van die mens wat hom/haar op ’n bepaalde manier in die lewe gedra; dit verwys na die lewenshouding of oriëntasie van iemand wat hom/haar “laat beweeg deur dit wat hom/haar ten diepste beweeg”. Dit dui met ander woorde op die hele lewensinstelling van die persoon, op die houding of *habitus* wat die ewewig hou tussen spirituele ervaring en handeling. Die persoon se lewenshouding, verduidelik Roothaan (2007:44), kondisioneer sy/haar handeling en gee daaraan ’n sekere kwaliteit. Hierdie insigte van Roothaan, asook dié van Hardjono en Klamer en van De Muynck waarna hierbo verwys is, is belangrik vir die opvoedingshandeling.

Voorgaande analyses en sienings van spiritualiteit is vatbaar vir twee vertolkings. Enersyds kan aanhangers van die hoofstroomgodsdienste soos die Christelike hulle nog in ’n hoë mate daarmee vereenselwig. Christelike spiritualiteit (waaroor later meer) toon

byvoorbeeld baie van die trekke wat pas hierbo genoem is, soos 'n gerigtheid op wat as Heilig beskou word; dat dit 'n subjektiewe ervaring is met sowel 'n intrinsieke as 'n ekstrinsieke kant; dat die oervrae van die mens in terme van al die lae van die religie tot uitdrukking kom; dat die mens, die self, gegrepe voel deur die transendente; dat dit tegelyk 'n ervaring is en 'n manier van doen. Andersyds kan die aanhangers van spiritualiteit in sy “nuwe” gedaante hulle ook daarin vind, byvoorbeeld in die gedagte dat die mens verhoudings kan stig met bowe-sintuiglik waarneembare entiteite, in die mistiek wat daaraan verbonde is, en dat dit in werklikheid ten diepste met die mens se “siel” te make het.

## **5. Spiritualiteit in 'n “nuwe” gedaante**

In Christelike opvoedings- en onderwyskringe is daar tot taamlik onlangs aan opvoeding gedink as byvoorbeeld bloot 'n Bybelse opdrag in terme van Deuteronomium 6:4-9 en ook in terme van die verbondsbelofte wat doopouers voor die kansel aflê by die doop van hulle kinders (“die kind in hierdie leer te onderrig of te laat onderrig”, aldus die doopsformulier). Besinning oor hierdie opdrag is dikwels beperk tot die toerusting van die verbondsouer en die Bybelgelowige onderwyser om hierdie taak só uit te voer dat die verbondskind tot selfstandige belydenisaflegging in die kerk kon kom. In die tydperk voor 1994, toe die openbare onderwys vir blankes in Suid-Afrika, deur Christelik-nasionale onderwys (in terme van Wet 39 van 1967) beheers is, was dit relatief maklik om hierdie Bybelse opdrag selfs tot in die openbare skole neerslag te laat vind.

Sedert ongeveer die tagtigerjare het die toneel geheel en al verander. Die geestelike klimaat van die hele Westerse wêreld is op twee maniere gesekulariseer: dit het enersyds ontkerklik en andersyds het dit Christelike invloede in terme van beginsels, waardes, en norme die rug toegekeer (Van der Walt & Wolhuter, 2005; Van der Walt, 2007:221 e.v.). Die groeiende multi-kulturele en -religieuse samelewings het toenemend druk op die skole geplaas om 'n meer multi- en inter-religieuse aanpak te volg (Kelly *et al.*, 1988:442). Afgesien hiervan, is daar in Suid-Afrika sedert 1994 'n menseregte-kultuur gevestig, en daarmee is die oorspronklike (Christelike) lewensbeskoulik-gefundeerde beginsels uit die breë samelewing verdring en “geprivatiseer” deur hulle na die private en persoonlike lewens van die landsburgers toe te “verban”. 'n Mens merk hierdie verskuiwing in denkklimaat in die afkondiging van die Suid-Afrikaanse Ministerie van Onderwys se *Manifesto on Values, Education and Democracy* (South Africa, 2001) en die *Policy on Religion and*

*Education* (South Africa, 2003). In albei hierdie dokumente (sowel as in die later aangekondigde *pledge*/plegtige verklaring wat leerders volgens plan daagliks sal moet opsê, en die voorgestelde *Handves van Verantwoordelikhede vir Leerders* (Goldstein, 2008: 20)), vind 'n mens dat die Onderwysdepartement gebruik maak van sogenaamde “dun waardes”, dit wil sê waardes wat ontdaan is van enige intrinsiek religieuse, godsdienstige of lewensbeskouwlike inhoud (Swartz, 2006:556; Zecha, 2007:48-60) sodat dit vir alle landsburgers toepaslik en geldig kan wees.

Die term *spiritualiteit* in sy nuwe buite-Bybelse betekenis is van betreklik onlangse oorsprong. Dit is die eerste keer in die agtiende eeu in hierdie betekenis gebruik, maar het eers in die twintigste eeu in algemene gebruik gekom (Ferguson & Wright, 1988:656-657), bes moontlik as gevolg van verskynsels soos globalisering, die post-moderne geesteshouding (Middleton & Walsh, 1995), die toenemende migrasie van mense oor die aardbol, toenemende multikulturaliteit en veral toenemende multireligiositeit. Spiritualiteit in sy nuwe gedaante het toenemend die plek geneem van *godsdienstigheid* of *religiositeit* in die meer tradisionele sin (soos wat meer tradisionele Christene dit vandag nog gebruik as hulle na hulle eie godsdienste sou verwys). Volgens Tacey (2004:11) en ander waarnemers is daar duidelike tekens dat 'n spiritualiteitsrevolusie tans besig is om homself wêreldwyd af te speel – in die Westerse wêreld, die Ooste sowel as in die suidelike kontinente. Engebretsen (2003:11) en Vermeer en Van der Ven (2004:51 ff.) het byvoorbeeld gevind dat jongmense in Australië en in Nederland te midde van dalende tradisionele kerkbywoning tog nog bewustelik smag na die een of ander vorm van bo-konfessionele en suprageïnstitueerde spiritualiteit – dus spiritualiteit in 'n nuwe gedaante.

Tacey (2004:1) is van oordeel dat die spiritualiteitsrevolusie 'n spontane beweging in die samelewing is wat gekenmerk word deur 'n belangstelling in die nuwe realiteit van die bo-konfessionele spiritualiteit, en die heilsame uitwerking daarvan op lewe, gesondheid, gemeenskap en welsyn. Die soekers na die nuwe spiritualiteit is van oordeel dat hulle in die hedendaagse tegnologiese en multikulturele samelewings nie meer spirituele leiding, geborgenheid en sekuriteit kan vind deur terug te gryp na die ou dogmatiese, konfessionele godsdienste en teologieë van voorheen nie.

## **6. Opvoeding: 'n struktuuranalise**

Opvoeding is 'n handeling wat struktuur-teoreties en ideaal-tipies uit drie hoofmomente bestaan: 'n opvoeder wat meer volwasse is, 'n

jonger of minder volwasse persoon, die opvoeding, en 'n sogenaamde derde faktor in terme waarvan hulle met mekaar in wisselwerking kan tree. Daar kan geen sprake wees van opvoeding indien die opvoeder en die opvoeding nie met mekaar in wisselwerking tree nie. Hulle tree egter nie onmiddellik (regstreeks) met mekaar in wisselwerking nie, maar via die derde faktor, die kulturele en sosiale essensies van die betrokke samelewing waarin hulle hulle bevind en wat 'n mens in die werklike lewe kan leer ken. Elke interaksie vind binne die beperkings van hierdie sosiale en historiese grense plaas (Winkler, 2006:72).

Hierdie soort wisselwerkinge vind plaas in al die verskillende samelewingsverbande waarvan sowel die opvoeder as die opvoeding tesame lid is (lidmaat en dooplidmaat van 'n gemeente, vader en kind in 'n bepaalde gesin, onderwyser en leerder in 'n bepaalde skool, spanlid en afrigter van 'n sportspan, en dies meer), sê Flitner (2006:183). Die betrokke samelewingsverband verteenwoordig op die gegewe stadium van 'n bepaalde interaksie tussen opvoeder en opvoeding die belange van die samelewingsverband self, maar ook van die breë samelewing. In sy/haar wisselwerking met die opvoeder verkry die opvoeding insig in die geestesgoedere van die volwasse wêreld. Dit spreek dus vanself dat die opvoeding langs hierdie weg intiem kennis sal maak met die spiritualiteit wat as heel diepste laag in die persoon en die religiositeit van die opvoeder skuil, en wat die diepste dryfkrag agter die betrokke samelewingsverband (soos die gesin, die gemeente, die skool, die sportspan) is. (Vergelyk die ontleding van religie hierbo, waar aangedui is dat spiritualiteit die diepste struktuurlaag van religie is.)

Opvoeding is egter 'n tweerigtingstraat: aan die een kant is die opvoeder wat die opvoeding lei en van insig in die volwasse wêreld voorsien, soos verteenwoordig in die onderskeie samelewingsverbande. Aan die ander kant is die opvoeding wat die leiding van die opvoeder volg (of nie volg nie). Levering (2007:68) redeneer op oortuigende wyse dat die opvoeder in die praktyk die waardes en norme moet voorleef wat hy/sy van die opvoeding verwag om sy/haar eie te maak, onder meer deur die nalewing van die voorbeeld wat die opvoeder stel. Die opvoeder is as 't ware vir die opvoeding op sy/haar weg tot volwassenheid die beliggaming van die gewenste vorm van spiritualiteit (spirituele beslaglegging, gegrepe-gevoel en gedreweheid om op bepaalde maniere te handel). Deur die spirituele voorlewing van die opvoeder na te leef (te "emuleer"), kan die opvoeding dieselfde spiritualiteit (beslaglegging, ensovoorts) deel maak van sy/haar eie menswees.



Volgens Van Dyk (1993:158) is dissipline (dit wil sê, die vorming van volgelingskap) 'n tweekantige gebeure – dit bestaan uit hoor en doen. Die opvoedeling is veronderstel om die stem van die opvoeder te hoor as dié hom/haar roep om die opvoeder in 'n bepaalde spirituele rigting te volg, en om dan gepas op daardie roepstem te respondeer. Die vermoë om te hoor en die gewilligheid om in gehoorsaamheid te respondeer, kom neer op dissipelskap, meen Van Dyk.

## **7. Implikasies vir opvoeding in 'n Christelike, Skrifgehoorsame opvoedingsomgewing**

Die spirituele kan, as diepste laag van religie, in die algemeen beskou word as die bron van die “absolute” waardes en norme waarmee 'n bepaalde mens kan identifiseer en wat die basis van sy/haar besluitneming en handeling vorm. Dit is in die spirituele waar die lewensopvatting sy diepste wortels vind en vanwaar die antwoord na die betrokke mens se vraag na die sin van sy/haar bestaan kom, en wat hom/haar in staat stel om 'n sinvolle lewe te voer.

As spiritualiteit tot die wesenlike van die fundamentele synshoedanigheid van die mens behoort, of 'n moontlikheidsvoorwaarde is vir die toereikende voltrekking daarvan, en as spiritualiteit onvervangbaar waardevol vir die verwerking van die opvoeding se menswees is, dan is dit nodig om (wetenskaplik) oor die verband of verhouding tussen opvoeding en die spirituele dimensie van menswees te besin.

Hoewel die Christenopvoeder en -opvoedkundige nie net kennis neem van al hierdie verwickelings rondom religie, spiritualiteit, multi-religiositeit en multikulturaliteit nie, maar ook daarmee reken in sy/haar eie opvoedings- en opvoedkundige (d.i. wetenskaps-)praktiek, kan hulle nie sonder meer daarmee verlies neem nie. Spiritualiteit in sy nuwe gedaante is iets wat alle mense ten diepste met mekaar (kan) deel, afgesien van hulle godsdienstige oortuigings, lewensbeskoulike instelling, lewensinstelling, en oortuigingsraamwerk. Dit kan dus die grondslag lê vir 'n vreedsame en verdraagsame multireligieuse samelewing. Hierdie spiritualiteit is egter iets heeltemal anders as spiritualiteit volgens die Bybelse opvatting.

Fowler (1991:79) het reeds meer as twee dekades gelede daarop gewys dat 'n Christendenker versigtig moet omgaan met die woord *spiritueel*, omdat dit in die Skrif nie slegs gebruik word vir die “wind wat waai”, die “gees van die mens” (*pneumatikos*), “bose geeste” en

selfs ook vir die Heilige Gees van God, die Derde Persoon van die Drie-eenheid, nie. Die hedendaagse betekenis van *spiritueel* as daardie geestelike dimensie wat alle mense suprakonfessioneel of -sektaries met mekaar (kan) deel, afgesien van hulle godsdienstige of ander oortuigings, hou slegs verband met die betekenis van “die gees van die mens” soos dit in die Bybel gebruik word (vgl. Ter Avest, 2003:117).

Fowler verduidelik dat *spirituele* in die Bybelse sin tweedens nie beteken dat die vleeslike, die liggaamlike, die aardse aspekte van die menslike liggaam of van sy/haar bestaan buite rekening gelaat of as minderwaardig geag word nie. ’n Spirituele persoon, sê hy, is iemand wat, sonder om sy/haar vleeslike, menslike geskiedenis deur God te loën, die ware sin (betekenis) en rigting van daardie geskiedenis gevind het, deurdat die Heilige Gees van God dit in liefde en geloof na God gedraai het. Die menslike gees (*spirit*) is dus die ware sentrum van die betrokke mens se geskiedenis waarin die “vleeslikheid” (die aardse bestaan) sy ware sin en betekenis, sy goedheid, kan vind deur ervaring van God wat die “vleeslikheid” kan transendeer. Om “spiritueel” in geestelike sin te wees, meen Fowler, beteken dus nie om die vleeslike te loën ten gunste van die een of ander gewaande “hoër geestelike” bestaan nie. Dit dui veel eerder op die herstel van die vleeslike in Christus en inderdaad van die hele menslike bestaan. Dit dui verder op ’n wegdraai van die in-Christus-verloste gelowige vanaf ’n bestaan of lewe wat deur die “vleeslike” beheers word, na ’n bestaan wat gelei word deur ’n hart wat deur die Heilige Gees van God vernuwe is. Ter Avest (2003:117) verwoord hierdie werking van die Gees in die herbore hart van die mens soos volg:

Met de ‘Geest’ geeft men de energieke kracht aan van God, die in mensen aanwezig is, die het verlangen wekt naar het Rijk Gods. Het is de inspiratie die mensen in beweging zet het Rijk Gods as handelingsbeginsel, als uitgangspunt van denken en doen te hanteren.

Hierdie Skrifgefundeerde siening van spiritualiteit het ingrypende betekenis vir die Christenopvoeder se lewe en werk. Die Christenopvoeder se lewe word tans oorheers deur sekularisme en spiritualiteit in die nuwe gedaante, naamlik van ’n dimensie van menswees wat alle mense op suprakonfessionele vlak met mekaar (kan) deel. Indien ’n mens *spiritualiteit* op hierdie nuwe manier verstaan, verval jy in die bekende natuur-bonatuur dualisme: die mens, en ook die menslike bestaan, word gesien as bestaande uit twee “dele” of “verdiepings”, te wete ’n hoër geestelike deel, en ’n laer liggaam-

like/aardse/verganklike/vleeslike deel. Laasgenoemde word as minderwaardig beskou, en behoort afgesterf of agtergelaat te word ter wille van die gewaande hoër geestelike bestaan (vgl. Van der Walt, 1994:305). 'n Spirituele lewe volgens hierdie siening beteken dat die gelowige moet poog om die liggaamlike, die aardse, die vleeslike te transendeer (daarbo uit te styg) en dus 'n hoër geestelike lewe te lei, op 'n vlak wat ander mense ook kan bereik. Spiritualiteit in sy nuwe, hedendaagse, onskriftuurlike gedaante of voorkoms herberg hierdie soort twee-terreinebeskouing in sy wese.

Hoewel 'n mens dit dus eens kan wees met Abdool *et al.* (2007: 545) se ontleding van religie (hierbo aangegee), naamlik dat die spirituele as 't ware die dieptelaag van enige religie, insluitende 'n Skrifgehoorsame Christendom vorm, moet daardie dieptelaag nie in terme van so 'n twee-terreinebenadering vertolk word nie. Al die lae deur Abdool *et al.* ontdek, het in wese te doen met die betrokke mens se religieuse verhouding tot/met die God van die Bybel (of 'n gewaande godheid). Die kernbetekenis van *religie* dui daarop dat al die lae van die religie aan die God van die Bybel (of aan 'n ander godheid) gebind is: dit is naamlik afgelei van die Latyns *re + ligare*, her- of terug-bind (aan die God van die Bybel of 'n ander godheid). Die lae wat Abdool *et al.* onderskei, hou almal tegelyk en gelykelyk verband met enersyds die aardse, materiële bestaan van die mens, sowel as met die religieuse verhouding met God (of 'n godheid wat in God se plek gestel word).

Die Bybels-gefundeerde betekenis van *spiritueel* plaas die verband daarvan met opvoeding voor die hand. Negatief kan 'n mens stel dat opvoeding nie ten doel het om die opvoedeling te lei om 'n spirituele lewe te aanvaar waarin die vleeslike, alledaagse, konkrete, kultuur- en historiese lewe en bestaan agtergelaat of getransendeer word nie, en ook waarin daar op 'n "bonatuurlike" of "hoër", bokonfessionele geestelike manier 'n vorm van godsdienstige eensgesindheid en kommunikasie beoefen kan word met aanhangers van ander religieë nie – asof 'n mens jou eie konkrete, aardse lewe en bestaan kan transendeer. Opvoeding tot 'n spirituele lewe in Skrif-gefundeerde sin is om die opvoedeling te lei om te verstaan dat hy/sy binne-in sy/haar aardse/vleeslike/liggaamlike bestaan (waar daar allerlei verskille tussen mense is – ook godsdienstige verskille) 'n sinvolle lewe behoort te lei – 'n lewe gelei deur 'n hart wat deur die Heilige Gees van God herbore is en wat in liefde en geloof aan die God van die Bybel toegewyd is.

Soos aangedui, kan die opvoedeling nie vanself, sonder die leiding en toerusting deur die opvoeder tot sodanige sinvolle spirituele lewe

kom nie. Opvoeder en opvoedeling moet inderdaad in 'n wisselwerking tree, en die sogenaamde derde faktor moet teenwoordig wees, naamlik die kulturele, sosiale en spirituele essensies van die betrokke samelewing waarin hulle hulle bevind. In die geval van 'n Skrifgefundeerde samelewingsverband (soos 'n ouerhuis, skool of kerk) sal die derde faktor ook uit die inhoudelike van 'n Skrifgefundeerde spirituele lewe bestaan. Soos aangetoon, kom die opvoeding deur die bemiddeling van die opvoeder in aanraking met die geestes- of spirituele goedere van daardie besondere samelewingsverband; dus met die spiritualiteit wat diep in die opvoeder sowel as in die betrokke samelewingsverband verskuil lê. Hierdie spiritualiteit geld as die diepste dryfkrag in hulle spirituele lewens en bestaan. In die proses leef die opvoeder die norme, waardes en beginsels voor wat uit sy/haar eie spirituele lewe voortspruit, maar ook uit die spirituele lewe van die betrokke samelewingsverband soos die ouerhuis (Lanser, 2006:96). In hierdie proses raak die opvoeding "gedissiplineer", dit wil sê 'n vrywillige en getroue volgelinge van die opvoeder, wat die opvoeder se spirituele voorbeeld naleef; wat die roepstem van die opvoeder hoor en dit in gehoorsaamheid opvolg.

## **8. Slotwoord en aanbeveling**

Ons het in die aanvangsparagraaf van hierdie artikel gestel dat ons, nadat ons die verskynsel van die tanende belangstelling in hoofstroomgodsdienste en die gepaardgaande groei in belangstelling in 'n nuwe, vermeende gemeenskaplike spiritualiteit waargeneem en nagevors het, tot die konklusie gekom het dat die opvoeding van hedendaagse kinders en jongmense, nog steeds, nie na behore kan plaasvind sonder dat die spirituele aspek van hulle menswees ook die nodige aandag kry nie. Ons het egter ook gekonkludeer dat die *spirituele* in Bybelse sin iets heeltemal anders is as die *nuwe* spiritualiteit wat tans aan die ontwikkel is. Na ons oordeel is hierdie konklusie, gegewe die verskillende argumente wat ons met betrekking daartoe aangevoer het, geregverdig.

Ons beveel derhalwe aan dat Christenopvoeders en -opvoedkundiges hulle sal vergewis van die verskyning van spiritualiteit in 'n nuwe en Skriftuurlik minder aanvaarbare gedaante, een wat dreig om spiritualiteit in Bybelse sin in die hedendaagse samelewing te verdring. Christenopvoeders en opvoedkundiges behoort 'n indringende studie te maak van wat *spiritualiteit* in Bybelse sin werklik behels en hulle praktyke dienooreenkomstig in te rig.

## Geraadpleegde bronne

- ABDOOL, A., POTGIETER, F., VAN DER WALT, J.L. & WOLHUTER, C. 2007. Inter-religious dialogue in schools: a pedagogical and civic unavailability. *Hervormde teologiese studies*, 63(2):543-560.
- ALEXANDER, H. 2006. A view from somewhere: explaining the paradigms of educational research. *Journal of philosophy of education*, 40(2):205-221.
- BYRNE, P. & HOULDEN, L. 1995. Comparison encyclopedia of theology. London: Routledge.
- DE MUYNCK, B. 2008. A godly vocation. Paper read at a conference on spirituality and education, Gouda, The Netherlands, 14 January.
- ENGBRETSON, K. 2003. Young people, culture and spirituality: some implications for the ministry. *Religious education*, 98(1):5-24.
- FERGUSON, S.B. & WRIGHT, D.F. 1988. New dictionary of theology. Leicester: InterVarsity.
- FLITNER, A. 2006. Schule. (In Kruger, H-H. & Helsper, W., *Reds. Einführung in Grundbegriffe und Grundfragen der Erziehungswissenschaft*. Opladen: Budrich. S. 181-190.)
- FOWLER, S. 1991. A Christian voice among students and scholars. Potchefstroom: IRS.
- GOLDSTEIN, W. 2008. Bill teaches our children the responsibilities of citizenship. *Sunday times*: 20, 9 March.
- HARDJONO, T. & KLAMER, H. 2005. Breng spirit in je werk! Zoetermeer: Meinema.
- HOLLICK, M. 2006. The science of oneness. Winchester: O Books.
- HUDSON, T. 1995. Christ following ten signposts. Cape Town: Struik.
- KELLY, J., BILLEDEAU, D., DAVIS, R.W., DOLCE, C.J., HIDALGO, H., LEYBA, C.F. & WITTY, E. 1988. No one model American: a statement on multicultural education. (In Ryan, K. & Cooper, J.M., eds. *Kaleidoscope: readings in education*. Boston: Houghton Mifflin.)
- KRITZINGER, J.N.J. 2000. Exploring theology: an introductory dictionary. Pretoria: University of South Africa. (Research Institute for Theology and Religion.)
- LANSER, A. 2006. De actualisatie van de traditie: over de dynamiek van oude teksten en moderne levens. (In Miedema, S. & Bertram-Troost, G. *Levensbeschouwelijk leren samenleven*. Zoetermeer: Meinema. p. 93-104.)
- LEVERING, B. 2007. Levensverhalen scheppen. (In Ex, C., red. *Opvoeden, wat kun je?* Amsterdam: Wereldbibliotheek. p. 64-73.)
- MCKIM, D.K. 1996. Westminster dictionary of theological terms. Louisville: Westminster.
- MIDDLETON, J.R. & WALSH, B.J. 1995. Truth is stranger than it used to be. Downers Grove: InterVarsity.
- RICHARDSON, A. & BOWDEN, J. 1983. A new dictionary of Christian theology. London: SCM.
- ROOTHAAN, A. 2007. Spiritualiteit begrijpen. Amsterdam: Boom.
- SOUTH AFRICA. 2003. National policy on religion and education. *Government Gazette*: 459(25459), 12 Sept.
- SOUTH AFRICA. MINISTRY OF EDUCATION. 2001. Manifesto on values, education and democracy. Pretoria: Department of Education.

- SWARTZ, S. 2006. A walk to citizenship: morality, justice and faith in the aftermath of apartheid. *Journal of moral education*, 35(4): 551-570.
- TACEY, D. 2004. *The spirituality revolution: the emergence of contemporary spirituality*. New York: Routledge.
- TER AVEST, I. 2003. *Kinderen en God verteld in verhalen*. Zoetermeer: Boekencentrum.
- VAN DER WALT, B.J. 1994. *The liberating message*. Potchefstroom: PU for CHE.
- VAN DER WALT, B.J. 2007. *Transforming power*. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.
- VAN DER WALT, J.L. & WOLHUTER, C.C. 2005. Godsdiens as 'n moontlike faktor in onderwysstelsels en die beplanning daarvan. *Koers*, 70(1):1-25.
- VAN DYK, J. 1993. The practice of teaching Christianity. (*In Fowler, S., Van Brummelen, H.W. & Van Dyk, J., eds. Education for freedom*. Potchefstroom: IRS. p. 155-168.)
- VERMEER, P. & VAN DER VEN, J.A. 2004. Looking at the relationship between religions: an empirical study among secondary school students. *Journal of empirical theology*, 17(1):36-59.
- VROOM, H. 2006. *Vyf redenen voor religie in het onderwijs*. Zoetermeer: Meinema.
- WAAIJMAN, K. 2000. *Spiritualiteit*. Gent: Carmelitana.
- WILBER, K. 2001. *Quantum questions*. Boston: Shambhala.
- WINKLER, M. 2006. Erziehung. (*In Kruger, H-H. & Helsper, W., Reds. Einführung in Grundbegriffe und Grundfragen der Erziehungswissenschaft*. Opladen: Budrich. S. 57-78.)
- ZECHA, G. 2007. Opening the road to values education. (*In Aspin, D.N. & Chapman, J.D., eds. Values education and life-long learning*. Dordrecht: Springer. p. 48-60.)

**Kernbegrippe:**

godsdiens  
opvoeding  
religie  
spiritualiteit

**Key concepts:**

divine service  
education  
religion  
spirituality